



# KANGNAS-WINDKRAGAAANLEG GEMEENSKAPSNUUSBRIEF

## KRAG AAN DUISENDE HUISE IN SUID-AFRIKA



Ons is trots om aan te kondig dat die Kangnas-windkragaanleg op 18 November 2020 met kommersiële bedrywighede begin het.

Die 140 MW Kangnas-windkragaanleg is aan die buitewyke van Springbok geleë en sal vir die volgende 20 jaar elektrisiteit aan Suid-Afrika se kragnetwerk voorsien. Dit is genoeg skoon hernubare energie om krag aan 154 000 huishoudings te voorsien. Die konstruksie van die windkragaanleg het twee jaar gelede begin en is nou voltooi.

Plaaslike werkskepping was 'n belangrike oorweging tydens die konstruksiefase. Meeste van die werksmag is van die gemeenskappe van NababEEP, Springbok, Concordia, Matjieskloof, Bergsig, Okiep en Carolusberg in die Nama Khoi Plaaslike Munisipaliteit afkomstig.

*Plaaslike wyksraadslid Rodney Kritzingen sê: "Families het 'n verbeterde gevoel van menswaardigheid gedurende die konstruksiefase ervaar aangesien werk meer finansiële stabiliteit gebring het."*


## PLAASLIKE GESONDHEIDSORGSENTRUM ONDERSTEUN

Die Kangnas-windkragaanleg het twee hoëvloei suurstofmasjiene aan die plaaslike gesondheidsorgsentrum in Springbok geskenk om die sentrum tydens die COVID-19-pandemie by te staan. Die sentrum sal selfs daarna uit die suurstofmasjiene baat. Die windkragaanleg het ook persoonlike beskermende toerusting aan die sentrum geskenk om gesondheidswerkers van die plaaslike gemeenskap te help om hulself te beskerm en die verspreiding van die virus te keer.

Een van die voordele van die hoëvloei suurstofmasjiene is dat dit nie net in die hoësonne gebruik kan word vir die behandeling van COVID-19-pasiënte nie, maar ook vir die behandeling van pasiënte in die normale en akute beddens. Die masjiene kan vir 'n verskeidenheid behandelings gebruik word, selfs nadat die COVID-19-pandemie homself uitgewoed het, en help dus om gesondheidsinfrastruktuur aan te vul en gesondheidsdienste in die gemeenskap te verbeter.



*"Die verpleegsters, dokters en bestuur van die Dr. Van Niekerk-hospitaal wil hul dank teenoor die Kangnas-windkragaanleg betuig vir die donasies. Dit sal ons versterk en bystaan in ons stryd teen die koronavirus."*





## STUDIEBEURSE AAN PLAASLIKE LEERLINGE



Leanne Schmidt

Die Kangnas-windkragaanleg se studiebeursprogram help vir Leanne Schmidt om haar voorgraadse kwalifikasie in landboubestuur deur Unisa te voltooi.

Leanne, wat van Concordia af kom, studeer landboubestuur met die ondersteuning van die Kangnas-windkragaanleg. Sy werk nouliks saam met 'n plaaslike nie-winsgewende organisasie, Surplus People Project, wat ontluikende boere help om volhoubare boerderye tot stand te bring. Leanne beskou landbou as die hoeksteen van 'n gemeenskap se welstand en moedig jongmense aan om dit as 'n loopbaankeuse te oorweeg.

*'Ek is dankbaar vir die ondersteuning wat die Kangnas-windkragaanleg my bied. Ek het nog altyd daarvan gedroom om my universiteitsgraad te voltooi maar het nooit die hulpbronne gehad om hierdie doel te verwesenlik nie,' sê Leanne Schmidt*



## GEMEENSKAPSGEDREWE ONTWIKKELING

Die Kangnas-windkragaanleg se benadering tot gemeenskapsontwikkeling is om aktiviste wat 'n verandering in die gemeenskap maak te ondersteun. Die windkragaanleg bied ondersteuning aan beide aktiviste wat reeds werk om die lewens van hul mede-inwoners te verbeter en diene wat daarna strew om 'n positiewe verskil te maak.

Ons sien uit daarna om met verskilmakers van Nababeep, Springbok, Concordia, Matjieskloof, Bergsig, Vaalwater, Okiep, Fontyntjie en Carolusberg te werk om gemeenskappe te versterk en meer veerkragtig te maak en om plaaslike sukses te dryf.

Ons fokus is om inwoners van die plaaslike gemeenskap te ondersteun en te mobiliseer en hul bates op te bou. Op hierdie wyse ontwikkel gemeenskappe van die grond af boontoe.



## KONSTRUKSIEMYLPAAL | Manie Kotzé, Konstruksiebestuurder



*"As Namakwalander is ek baie trots om deel van die windkragaanleg se bydrae tot plaaslike ontwikkeling te wees en om 'n wesenslike rol in hierdie projek te speel. Die projek maak plaaslik 'n verskil maar strek ook die ekonomie tot voordeel."*